Oordenking
2 Augustus 2017.

Jy het ’n keuse!

Kol 3:1-2 ...strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie.

Neem kennis dat die Bybel hier sê dat ons ’n keuse het. Ons kan kies om ons gedagtes te rig op “*die dinge wat daarbo is*” of op die “*dinge wat op die aarde is*”.

Daar is altyd ’n alternatief. Elke keer wanneer jy die geleentheid het om van sonde ontslae te raak, om God se vergifnis te ontvang en om krag en vernuwing in jou verhouding met Christus te ervaar, is daar ook die keuse om in sonde en die hartseer wat dit veroorsaak, te bly lê.

Ons kan ons gedagtes op aardse of op hemelse dinge rig. Ons kan fokus op die dinge van die wêreld, of ons kan eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid soek en alles wat ons nodig het, sal vir ons bygevoeg word.

Ons het ’n keuse: ons kies tussen ’n lewe vir die lewende God of ’n lewe wat ons sondige begeertes tevrede stel.
As ek ’n kind van die Here is dan lewe ek vir Jesus. En dan is my hart en my gedagtes gerig op hemelse dinge!